

DIE VERKENNING VAN DIE KRUGERWILDTUIN DEUR DIE HOLLANDSE OOS-INDIESE KOMPANJE, 1725

deur dr. W. H. J. PUNT

Die Nasionale Krugerwildtuin is tussen $22^{\circ}30'$ en $25^{\circ}30'$ suiderbreedte en 31° - 32° oosterlengte in Transvaal geleë, in die natuurlike streek wat as die laeveld bekend staan.

Hierdie streek het 'n gemiddelde hoogte van 500 tot 2,000 voet bo seespieël. Met uitsondering van die Lebomboberge of Rooirand op die oosgrens van die Wildtuin, is daar geen berge in die gebied nie, alleen die kenmerkende losstaande koppies van die laeveld is in hierdie plat boswêreld te sien. Die Drakensberg vorm die westergrens van die laeveld en bereik by Sekororo se lokasie 'n hoogte van oor die 6,000 voet bo seespieël.

Die laeveld is boswêreld waar hoë temperature gedurende die somer heers en selfs die wintermaande warm is. Januarie toon 'n gemiddelde temperatuur van 80°F , terwyl dit vir Julie 60°F is, sodat ryk 'n uiter seldsame verskynsel is.

Die streek het 'n somerreënval van 20 tot 30 duim per jaar, alhoewel die noordelike deel van die Wildtuin maar tussen 15 en 20 duim jaarliks kry¹. Dikwels word die gebied deur droogtes geteister, wanneer alleen die groot riviere van die laeveld water bevat. Vanaf die Transvaalse hoëveld vloei die groot standhoudende riviere deur die Krugerwildtuin na die Indiese Oseaan. Die Limpopo, Letaba, Olifants, Sabi en Krokodil is die vernaamste riviere van die Wildtuin. Geen van die standhoudende riviere is vir skepe bevaarbaar nie, alleen Naturellebootjies kan oor kort afstande in die riviere gebruik word.

Vandag is daar geen Naturellestamme in die Wildtuin woonagtig nie, want die inboorlinge het sedert 1925 na gebiede buite die Wildtuin verhuis. In vorige eeu was die hele Transvaalse laeveld deur inboorlinge bewoon soos bewys word in die reisbeskrywings van 1725 en 1838². Hierdie naturelle het koper en yster gesmee, goud gewen en die opbrengs van die jag verhandel. Die stamekonomie was eenvoudig so dat daar geen groot handelaktiwiteite tussen die kusgebied en die stamme bestaan het nie. Alleen die goudhandel tussen Monomotapa en Sofala was winsgewend, sodat handelaars maar

1. *The South Eastern Lowveld*, p. 6.

2. Frans de Kuiper het in 1725 die gebied ten suide van die Sabi vanuit Delagoabaaï bereik, terwyl Louis Trichardt in 1838 die gebied tussen die Olifants- en Sabiriviere deurreis het op weg na Delagoabaaï.

weinig aandag aan die kus besuide Sofala geskenk het. Verder het stamgevegte en oorloë die ekonomiese ontwikkeling van die laeveld vertraag.

Nog 'n belemmering wat die handelsontwikkeling van die gebied teë geaan het was die siektes wat mens en dier vir eeue in die laeveld geteister het. Die anophelismuskiet en tsetsevlieg was die draers van malaria en die dodelike nagana onder die beeste. Dit is onbekend wanneer die twee siektes hul verskyning in die laeveld gemaak het. In 1725 het die eerste blankes bevind dat die suidelike deel van die hedendaagse Wildtuin tsetsevry was. Die feit dat die streek so digbewoon was duis daarop dat indien malaria destyds reeds aanwesig was dit nog nie groot afmetings aangeneem het nie. Hierdie opvatting word verder gestaaf deur die feit dat 31 blankes in die wintermaande van 1725 ongeveer agtien dae in die Komatigebied gereis het sonder om malaria op te doen.¹

Die tsetsevlieg was in die negentiende eeu die hoofoorsaak dat ossewa-transport deur die naganabesmette laeveld na Mosambiekkus 'n gevaelike en onsekere onderneming was. Toe Louis Trichardt in 1836-1838 deur die laeveld trek was die streek van die Limpopo tot aan die Komati vol vlieë.² Die Naturelle het geen vee besit nie. Tog kon die kapteins ou beeskrale aan die boere toon wat klaarblyklik nie so lank gelede nog in gebruik was. Tussen die jare 1725 en 1836 het die tsetsevlieg dus sy verskyning gemaak in wat nou die Wildtuin is.³ Vir byna 'n eeu het nagana die gebied vir die trekos ontoeganklik gemaak tot 1896 toe die runderpes die wild in die laeveld byna uitgeroei het. Met die wild het toe ook die vlieg verdwyn.

Met inagnome van die faktore wat mens en dier nadelig beïnvloed het, is dit verstaanbaar dat die Transvaalse laeveld eeu lank vir die Europeaan ontoeganklik was. Selfs vir die Asiatiese en inheemse handelaars was dit van oudsher 'n moeilikbekombare en ekonomies onaantreklike streek, sodat groot verbindingsroetes nie gou ontstaan het nie.

Voor Vasco da Gama in die Indiese Oseaan gekom het in 1497 het Egiptenare, Chinese, Perse, Arabiere en Indiërs langs die Afrikaanse Ooskus handel gedrywy.⁴ Hierdie handelaars het egter selde verder suid dan Sofala gekom. Die Fenisiërs het wel om Afrika gevael maar dit was 'n ontdekkingstreis.⁵ Ander volkere het na die geboorte van Christus geleidelik vanuit die Rooisee al langs die Ooskus suidwaarts gebeur. Die Asiatiese handelaars het van die hawes, handelsroetes na die binneland van Afrika laat ontstaan. Oor hierdie roetes is die rykdomme van ons vasteland, goud, ivoor, slawe, ens.

1. Na 1838 was malaria endemies en tydens my ekspedisies in Julie 1938, en Julie 1940 het lede van ons geselskap in die laeveld malaria gekry.

2. Punt, W., Louis Trichardt se laaste skof, p. 52.

3. Na my mening omstreeks 1800 omdat die Naturelle in 1838 nog die geskiedenis van die veekrale geken het.

4. Paver, B. G., Zimbabwe Cavalcade, p. 48.

5. De Kock, W. J., Portugese Ontdekkers om die Kaap, p. 13-14.

na die Ooste vervoer. Sofala was die mees suidelike van die uitvoerhawes vir die rykdomme van Monomotapa, tans Suid-Rhodesië. Zimbabwe was een van die mees bekende sentrums waar die handelaars heen gegaan het om goud te ruil. Suid van die Limpopo in wat nou Oos-Transvaal is, het die handelaars egter sover bekend selde binnegedring. Tog het daar in Transvaal sekere handelsroetes tussen Suid-Rhodesië en veral Noord-Transvaal ontstaan.

In Bawenda-oorlewering in die Zoutpansberg word verhaal van smouse met krom neuse en lang wit hemde wat op die handelspaaie van Zimbabwe deur Zoutpansberg suidwaarts gestap het.¹ Toe die Voortrekkers in 1836 die noordoos Transvaal bereik, was die pad oor Punda Maria na Sofala alreeds goed bekend en in gebruik.² Vanuit Noord-Transvaal het nog ander roetes na die timyne gegaan. Volgens oorlewering het hierdie roetes reeds lank voor die koms van die eerste witmense bestaan.³

Nog ouer is die Naturellepaai tussen die verskillende statte in wat nou die Wildtuin is. Oor hierdie paaie is die ivoor en metaalprodukte van die laeveld na die Mosambiekkus gedra, maar meesal was die voetpaaie net verbindingslinies en nie groot handelsroetes nie. Dit blyk dat vroeg in die agtiede eeu een groot Naturellehandelspan van Delagoabaai deur Komati-poort na die omgewing van die teenswoordige Zoekmakaar gegaan het.⁴ Die verkenning van die streek vanaf die kusgebied het egter vir eeue agterweë gebly en oorlandse togte na die kus het pas in die negentiende eeu plaasgevind. Tot aan die einde van 1400 het die Oos-Transvaalse laeveld onbekend aan geskiedskrywers en ontdekkingsreisigers gebly.

In 1497 verskyn Europese seilskepe vir die eerste maal aan die Ooskus van Afrika.⁵ In daardie jaar seil Portugese skepe onder Vasco da Gama al langs die kus noordwaarts op pad na Indië. Binne enkele jare daarna het die Portugese meeste van die hawes tussen Sofala en Melinde in besit, waardeur die Europeaan die heersers van die Oos-Afrikaanse kus geword het en beheer oor die goud-, slawe- en ivoorhandel verkry het. Suidwaarts van Sofala het die Portugese die Afrikaanse kus tot Delagoabaai verken maar eeue het verloop eer die witman handelsposte tussen Sofala en Kaapstad opgerig het.

Tot hede is daar nog geen dokumentêre bewys gevind dat die Portugese voor 1800 die Transvaalse laeveld binnegedring het nie. Portugese skepe

1. In ongeveer 1890 het ou Bawendas aan mnr. P. Moller van Louis Trichardt meegedeel dat hulle in hul jeug hierdie manne noord van die Zoutpansberg sien loop het.
2. Die naam Punda Maria dateer uit 1920. Klopperfontein is 'n veel ouer naam in die gebied.
3. Hierdie paaie is in 1836 deur Coenraad Buys se seuns, Louis Trichardt en A. H. Potgieter gebruik. Sien Dagboek van L. Trichardt, p. 334-337.
4. Cetzee, C. G., Die stryd om Delagoabaai en die Suidoos-kus, 1600-1800.
5. de Kock, W., Portugese ontdekkers om die Kaap, p. 134.

het weliswaar die hawes Inhambane en Delagoabaai jaarliks terwille van ivoor en slawe besoek, maar dit was die inboorlinge van die agterland wat die handelsware na die kusgebied gedra het.¹ Tot 1725 het die Oos-Transvaalse laeveld vir die Europeaan ontoeganklik gebly, want doelbewuste en beplande ontdekkingsreise na die binneland het pas begin toe die Hollandse Oos-Indiese Kompanje die baai beset het.

Reeds van 1652 het die owerheid van die Verenigde Oos-Indiese Kompanje in Kaapstad pogings aangewend om 'n aandeel in die goudhandel van Monomotapa te kry. Ontdekkingsreise na die binneland en seereise langs die Ooskus het Here XVII van geografiese gegewens omrent Monomotapa voorsien². Die Verenigde Oos-Indiese Kompanje kon vasstel dat die hawe van Delagoabaai die naaste hawe aan die goudvelde was, wat nog nie onder Portugese beheer was.

In 1719 het Here XVII dan ook besluit om Delagoabaai in besit te neem om van daar handelsbetrekkinge met Monomotapa tot stand te bring. Die Hollanders was oortuig dat 'n faktory aan die Ooskus besonder renderend sou wees. In 1721 is uitvoering aan die besluit gegee en op 4 April 1721 bereik die Hollandse skepe uit Kaapstad die Espirito Santo-rivier en gaan die manskappe aan wal. Hierdie ekspedisie het dadelik 'n begin met die bou van 'n vesting gemaak en in 1722 was fort Lagoa gereed sodat die Hollanders aandag aan handelssake kon gee.

Met ywer het die amptenare van die V.O.C. die reusestaak onderneem om van die nuwe handelspos 'n sukses te maak. Die ekonomiese moontlikhede van die omgewing van Delagoabaai is deeglik ondersoek en van die omliggende kapteins is grond gekoop. Spoedig het die Hollanders bevind dat die handel in die omgewing van die fort nie besonder lonend was nie. Van die inboorlingsmouse het hulle verneem dat diep in die binneland in die streke Inthowelle en Ciremandelle, goud, koper en yster gemyn word.

Die besef dat die agterland van fort Lagoa ryk aan goud was, was die aanleidende oorsaak dat die owerheid in Kaapstad bevel gegee het om die handelsroete na die goudvelde vas te stel. As gevolg van hierdie opdrag het die eerste ontdekkingsreise na die laeveld plaasgevind en het die eerste European die gebied van die huidige Nasionale Krugerwildtuin bereik.

Jan van de Capelle, waarnemende opperhoof van die Hollandse nedersetting in Delagoabaai, was 'n man met ondernemingsgees en deursettingsvermoë. Met ywer en geesdrif het hy die organisasie van die verkennings van die roete na die goud- en koperstreke aangepak. Verskeie klein togte is in die nabijheid van fort Lagoa onderneem maar die eerste verkennings na die weste het op 9 Augustus 1723 plaasgevind, toe negentien man onder

1. Coetzee, C. G., *Die stryd om Delagoabaai en die Suidoos-kus, 1600-1800*, p. 264.

2. Ibid., p. 30-35.

bevel van die sekunde Jan Christoffel Steffler en sersant Jan Mulder op 'n reis na „De Blaauwe Bergen" vertrek het.¹

Tot hede is aangeneem dat Steffler se geselskap die eerste blankes was om ons laeveld te betree. Hierdie opvatting berus op 'n verkeerde vertolking van Steffler en Mulder se reisverhaal, want soos onderstaande opskrif van hul dagboek bewys, het die reisigers nie diep die binneland binnegedring nie.²

„Journal gehouden door den secunde Jan Christoffel Steffler door hem gehouden op de Landtocht naar de zoogenaamde Blaauwe Bergen, omtrent thien uren van hier den 9 Augustus 1723."

Die „Blaauwe Bergen" waarheen die reisigers koersgevat het, is ongetwyfeld die Lebomboberge ook genoem die Rooirand, wat tans die grens tussen Transvaal en Portugeesoos-Afrika vorm. Van die bult in Lourenco Marques is aan die westerse horizon 'n blou bergreeks duidelik sigbaar.³ In 'n reguit lyn veertig myl wes van Delagoabaaï is die Lebomborand en in hierdie rigting het Steffler gereis.

Steffler se eindpunt kan uit sy reisbeskrywing bepaal word. Die eerste dag teken hy aan dat hulle die Motallarivier by sy mond deur is en daarna die „tweede" Motalla deurgetrek het. Die verwysing „tweede" bewys dat die reisigers ook die Matallarivier deur is.⁴ Daarna het Steffler en Mulder langs die linkerwal van die Umbuluzi stroomop getrek totdat hulle 'n derde rivier deur is. Hier is kamp opgeslaan en Steffler met 'n voorhoede het vir 'n kort afstand die pad gaan verken. Terwyl die voorhoede op 18 Augustus 1723 'n vierde riviertjie deurgaan word die manskappe deur Naturelle aangeval. In hierdie geveg sneuwel Jan Steffler en sersant Eldret Sligting, waardeur die geselskap verplig was om na fort Lagoa terug te keer.

As in aanmerking geneem word dat die geselskap met pakosse sonder gids in 'n onbekende sanderige wêreld maar stadig gevorder het dan kon die reisigers in nege dae nie 'n groot afstand afgelê het nie. Trouens die juiste afstand word in die „thien uren" aangegee, want een uur gaans is 3.5 myl. Hierdie reisigers het dus 'n punt ongeveer 40 myl wes van Lourenco Marques bereik.⁵ Na ons mening het die eerste Hollandse ekspedisie die omgewing tussen die huidige dorp Namahacha en Oribikop bereik.⁶ Daar is trouens in die reisverhaal nie die geringste aanduiding nie dat die reisigers

1. Coetze, C. G., *Die stryd om Delagoabaaï en die Suidoos-kus, 1600-1800*, p. 165.

2. C. 125. T.A.

3. Punt, W., *Louis Trichardt se Laaste Skof*, p. 196.

4. Die uitspraak van die name van die twee strome, Motalla en Matalha is byna dieselfde en die vergissing is verstaanbaar en is terselfdertyd 'n bewys dat Steffler weswaarts trek.

5. 1 uur gaans=1500 rynlandse roeden=5.651 Km.=3.53 Engelse myl.

6. Oribikop is 30 myl suid van Komatipoort in die Lebomborand.

met huyne neugen sijgen.

Donderdag den 12. te onse kousten sijnde nog gantsch
kruipel en lam, onmogelyk niet haast
over den weg te kommen (men, was ge-
noodsaakt nog sticke blijven leggen, mid-
deleertijd so kreeg een van de omleggende
Negers in myn hutte alleenig, sijnde een
bedaagt man, dewelke ik tratturde mit
een sopje en een stik Vlees die ons leide
een groot deel weg is te hebben geweest
loopen het land van thowelle, tot
hem terwyl ik hem alleenig hadde naauw
kiuring onder vragen, naas die weg van
die Landstreek, eerst noemden op van de
plaats daar wy lagen, een dag rijsend tot
een Neger tot de Rivier Sabie, van daaren
ander dag rijsend tot de Negerige van
Maffawarre, voerder nog een dag tot
de Negerige van Matome, en als daan twee
dagen sonder aan jaagje te komen, tot
Cremandelle sijnde vyf dag rijsend
tot Cremandelle voor een Neger, de
welke voortbringt so hij seide (soer, en
van Cremandelle tot thowelle)
moet men nog passeren tien Rivieren
soit als liget, swardane gongine
matfelle, Senle, matintonde,

Senane

'n Bladsy uit Frans de Kuiper se dagboek. Die aantekening is geskryf toe
die ekspedisie op 12.7.1725 by Gomondwana in die Wildtuin gekamp het.

de Lebombo oor is en ons laevelde betree het. Hulle het tot in die bosryke klowe aan die westekant van die Lebombo gevorder, maar nie verder nie.

Agtien maande later het Jan van de Capelle nog 'n ontdekkingsreis laat onderneem om die pad na die goudstreke van Noord-Transvaal en Suid-Rhodesië te vind. Van hierdie belangrike tog beskou daar 'n joernaal, wat ons in staat stel om die roete na die laevelde noukeurig te bepaal. Reeds die opskrif van die joernaal is van geskiedkundige betekenis want dit is die oudste dokument in verband met die verkennings van die Transvaalse laevelde en die teenswoordige Krugerwildtuin.¹ Hier volg die bewoording van die opskrif:

„Dag Register gehouden op de gedistineerde togt naar het landschap Inthowelle ter orde van het Pe., Opperhoof, Jan van de Capelle en Syn Raad onder directie van den adsistent Francois de Cuiper en den Sergeant Joannes Mona vertrokken den 27 Juny 1725.”²

Aangesien die V.O.C. groot verwagtings van hierdie „Landtoga” gehad het, is veel aandag en sorg aan die toerusting van die ekspedisie bestee. Toe die ekspedisie vertrek, het dit uit 31 man bestaan, waarvan 21 soldate en 5 matrose was. Tien pakosse met kruit, lood, kampuitrusting, ens., en 8 slagbeeste is saamgeneem.

Die ontdekkingsreisigers het noordwes uit Delagoabaai na die bolope van die Matollarivier, wat hulle die Olifants genoem het, koersgevat. Die benaming Olifants is gegee omdat die stroomgebied van die Matolla die tuiste van groot troppe olifante was.³ Vooruitgang in die sanderige strandveld met pakosse was maar stadig en die vierde dag kom die reisigers by die „Incomati of Assangno” rivier aan.

Te oordele aan die beskrywing van die rivier en landstreek asook die afstand van vier dae marsjeer, het die Hollanders die Komati by die huidige Moamba bereik.⁴ Op hierdie punt is die rivier 'n indrukwekkende breë, maar dikwels vlak stroom. De Kuiper het die Komati nie deurgegaan nie maar langs die regterwal weswaarts getrek, totdat hy teen 'n moeras stuif. Die moeras verplig die reisigers om langs 'n tak van die Komati te trek en de Kuiper trek by 'n groot aalwynbos aan die „Aloërivier” verby.⁵

Op hierdie plek het die Hollanders besluit om oor die koppies verder noord koers te vat. Na 'n vermoedende reis vir mens en dier deur 'n klipperige

1. C. 126. Bylagen 1725, p. 671. T.A.

2. Die spelling van Cuiper se naam sal in hierdie relaas in die meer gebruiklike vorm Kuiper gebruik word, terwyl Monna met twee n's geskryf word omdat sy naam in die geskrifte meesal so gespel is.

3. In April 1838 het Louis Trichardt ook hier olifante gejag. Sien Dagboek van L. Trichardt en G. Preller, p. 318.

4. Die vordering was oor hierdie projek 10 myl per dag.

Die Komati is hier 40 N.W. van die Baai.

5. Hierdie bos het ons in geselskap van mnr. Labuschagne, Skabelbeampte van die Nasionale Parkeeraad, by Chinculo, 15 myl oos van Ressano Garcia vasgestel.



Mnr. R. Labuschagne van die Parkeraad en die skrywer bekijk
'n reuse aalwyn by De Kuiper se „Aloërivier” in Mosambiek.


streek bereik hulle 'n waterput naby die teenswoordige Ressano Garcia en op 4 Julie 1725 word gekamp. De Kuiper het besluit om die pad vorentoe tot by 'n kaptein Coupame te laat verken. Coupame was volgens die dagregister die vernaamste kaptein in Komati poort. Vroeg die volgende mōre gaan Johannes Monna met ses man die pad tussen berg en rivier tot aan die Komati besigtig. Aan die beskrywing van die terrein is dit duidelik dat die verkenners die dag deur Komati poort is en gekom het tot waar tans die padbrug oor die rivier is. De Kuiper se bewoording van die pad is so duidelik dat die paar sinne hier aangehaal word:

„ook dat wij moesten een kleijn gebergte passeren dat seer clipagtig en quad was, te passeren voor de draagbeesten 't welk duurde wynig meer als een halfuure, maar voorders goede gebaande en harde weg. Seiide ook aan de riviere geweest te hebben, daar de negers wezen om door te passeeren, de selve gevonden te hebben niet mögelyk te sijn op de plaatse te connen passeeren, om reeden aldaar over mans lengte diep was, ook met clippen wonder groot . . .”

5 Julie 1725 is 'n belangrike datum in die geskiedenis van die laeveld en Wildtuin, omdat op daardie dag die eerste witmense die gebied aanskou het. Die week daarop het De Kuiper se militêre in die gebied tussen die Krokodil- en Sabirivier deurgebring en ons 'n volledige relaas nagelaat van hul doen en late in die streek ten weste van die Lebombo.

Nadat hulle Komati poort deur is het die ontdekkingsreisigers die stat van kaptein Coupame verby getrek. Hierdie kaptein het net voor die westelike ingang van die poort gewoon en die ander Naturellekapteins in die omgewing was aan hom onderhorig. Coupame was die Europeane nie behulpsaam nie en het geweier om gidse te verskaf. Tog het die witmense die Komati ongeveer 5 myl stroomop deurgegaan en noordwaarts na die Krokodil gestap. Gebrek aan gidse en Coupame se teenkanting het die geselskap vertraag, maar op Maandag, 9 Julie bereik hulle die Krokodil op 'n punt 'n myl oos van die huidige Krokodilbrugruskamp.

Dinsdag, 10 Julie 1725, het De Kuiper se ekspedisie deur die Krokodil gegaan. Op die linkerwal was Pande se groot stat in 'n digbevolkte streek en staan die witmense in wat nou die Krugerwildtuin is. Die ontvangs was onvriendelik en die Hollanders se vooruitgang is deur Pande se volk teengegaan. Skynbaar wou die inboorlinge die geselskap aanval maar die tydige tussenkoms van 'n rietbok het die Naturelle weggelok om die bok te vang. Ten spyte van die Naturelle se houding gaan die afdeling op 'n „gebaande pad" in noordelike rigting verder. Teen die middag vieruur bereik hulle Dawano se stat, geleë aan 'n riviertjie alwaar kamp opgeslaan word. Dis vermeldings werd om in die dag se aantekening te lees dat De Kuiper se manne graag tot die aanval op die dreigende Naturelle sou oorgegaan het. Maar hulle het die opdrag van die owerheid in die Kasteel te



Die saamvloei van Komati en Krokodil van die plek waar Johannes Monna op 5 Julie 1725 die laeveld aanskou het.



Die waarskynlike drif waar De Kuiper se geselskap op 10 Julie 1725 die Krokodilrivier deur is. „De Kuipersdrif“ is 'n myl oos van Krokodilrivierruskamp.

Kaapstad uitgevoer om in vrede te reis. Die eerste bevele wat deur witmense in die Nasionale Krugerwildtuin gehandhaaf is, was die vanuit Kaapstad. Dus 200 jaar voordat die opvolgers van die V.O.C. die Volksraad van Suid-Afrika, die gebied tot Wildreserwe geproklameer het.

De Kuiper maak ook melding dat die „negers” hom by Dawano slagbeeste te koop kom aanbied het. Wel 'n bewys dat in 1725 die suidooshoek van die Wildtuin vry van tsetsevlieg was.¹ Brandhout en gras was volop, terwyl donderstorms ook vermeld word. Opvallende is die feit dat De Kuiper se dagboek geen verwysing na wild in die laeveld bevat nie.

Geografiese inligting oor die laeveld soos die name van riviere en Naturellekapteins is volledig aangeteken. Hierdie gegewens is van groot betekenis in die verkenning van die Wildtuin, want De Kuiper se naamlyste is die oudste reisverhaal oor die binneland van Transvaal.

By Dawano se stat het De Kuiper 'n Naturel uitgevra oor die pad na Ciremandelle en Inthowelle. Die Naturel het waardevolle inligting verskaf en De Kuiper het die plek- en kapteinsname getrou aangeteken. Hierdie naamlyste is vandag nog van groot waarde vir navorsers omdat die name reeds 250 jaar oud is en veral vir Bantoeë nuttig sal wees. Eerstens word die riviere tot by Ciremandelle opgenoem en verskeie van die name is tans nog herkenbaar.²

Sewandane, Gonjine, Mateselle, Sene, Matmonde, Senade, Sabe, Makoute, Moutommie, Matibawati. Tussen die riviere het die volgende naturellekapteins gewoon: Gogane, Motoge, Masewole, Wambo, Motsesse, Dawane, Marisse, Morolle, Nondolle, Moenge, milando tomomo, 'tsewandre mamite gokane, Intofane molonde tsoma Malembellekoele, moselane melona wongome, Silonde Inthowelle, mamite Inthowelle.

Laasgenoemde twee kapteinsname is ongetwyfeld in die huidige Suid-Rhodesië.³ Die Naturel het De Kuiper ook inligting aangaande kapteins in Monomotapa en die handelsmoontlikhede van die gebied gegee. In die streek woon die volgende kapteins:

Bombane, Inthowelle op marande, Cosave wangome, mophile tfehande tfemophile bingase wankowe, kotowane nabonne watamotaka, mogekawalle, gole tsangamina Intsango lawalinne.

1. In 1836-1838 het die Voortrekkers en Louis Trichardt bevind dat die gebied met tsetsevlieg besmet was. Lees ook Fuller, *Tsetse in the Transvaal and surrounding Territories. An Historical Review*, 9th and 10th Reports, Director of Veterinary Education and Research, April, 1923, p. 339-340.

2. De Kuiper het foneties geskryf en oor die algemeen is die name herkenbaar.

3. Volgens dr. N. van Warmelo is „Inthowelle” Thowelle of kaptein, dus kapteins Selonde en Mamite.

Naam Rolletje van verslyde Capitaines al hier
welke Zy souden moet passeren, Waenre Zy uitgryp

A. 1)

van 18 augustus tot 25 Augustus gaande op alle	den 29 augustus. en ander negeganer naem naer 5. Sept. als	den 10. October en ander naemt alleen	n.
1. Thirmandelle	1. Thirmandelle	1. Tintlowelle en	1.
2. Tintowelle	2. Tintowell C	2. Lomber, en	2.
3. meekende	3. Trenge	3. n	3.
4. manete	4. milame	dag beij seent d.	4. n
5. moulouloje	5. mari mari	terwachdrifje	5.
6. piwole	Cloke		6.
7. monphile			7.
8. mang			8.
9. maloete			9.
10. hoemole			10.
11. matlus			11.
12. makochje			12.
13. Hembote			13.
14. Imbalocle			14.
15. quamet			15.
16. bouwane			16.
17. Imbowe			17.
18. modeelane			18.
19. Klembe			19.
20. kiuimbe			20.
21. klowetlanje			21.
			22.
			23.
			24.

Groot assiedla.

'n Gedeelte van die naamlys van naturelle kapteins in die laeveld in 1725
opgestel deur Jan van de Capelle. Die name lees van noord na suid, maar
is nie altoos in die regte volgorde nie.

Na die ondervraging het De Kuiper besef dat hy met sy uitgeputte pakosse nie tot by Ciremandelle sou kom nie en dat die raadsaam sou wees om terug te gaan. Dit was 12 Julie 1725 toe die Hollanders onverwags die agtermiddag om vieruur deur Dawano se volk aangeval word. Die aanvallers word afgeslaan, maar die militêre verloor al hul uitrusting, pak- en slagosse. De Kuiper trek al veggende na die Lebomboberge terug. Geweervuur het sewe Naturelle laat sneuwel en meer as tien gewond, terwyl van die witmanne net twee gekwes was.¹ Die eerste kennismaking van die Europeaan met die streek wat later die Wildtuin sou wees, was ongunstig. Tot Louis Trichardt se koms in 1838 het daar geen doelbewuste verkenning van die laeveld plaasgevind nie.² De Kuiper se reis is egter van groot geskiedkundige betekenis as synde die eerste verkenning deur witmense van die Wildtuin. Ons wil dus vasstel tot waar De Kuiper se afdeling in 1725 gevorder het. Hierdie saak het ons onlangs op die terrein in die Wildtuin ondersoek.³

Met behulp van die gegewens uit sy dagverhaal en grondige terrein-ondersoek in die Lourenco Marquesdistrik en die Wildtuin kan ons die vraag beantwoord, tot waar De Kuiper in die Nasionale Krugerwildtuin gevorder het.

Nadat De Kuiper se afdeling deur Komatiopoort is het hulle na 'n gesikte drif in die Komati gesoek. Op wat tans die plaas Coopersdal is het die reisigers die rivier deurgegaan en noordwaarts getrek. Die drif is 'n besliste aanduiding dat die blankes in noordelike rigting voortbeweeg het. Hierdie koers word ook bevestig deur die feit dat hulle op die handelspad na Ciremandelle gestap het.⁴

Die handelspad was ten tye van die V.O.C.-bewind in Delagoabaai reeds die erkende handelsroete deur ons teenswoordige Wildtuin na die noorde van Transvaal.

Uit die aantekening vir 9 Julie 1725 kry ons nog 'n vaste baken op De Kuiper se roete, want $1\frac{1}{2}$ uur se stap na hulle deur die Komati is kom die Hollanders aan by 'n klein riviertjie die „Moeti” tans as die Ngweti wat deur die Komatiopoort dorp vloeи, bekend.⁵ Die geselskap het die Ngweti ongeveer 2 myl wes van Komatiopoortstasie deurgegaan en in 'n noordelike rigting volgheou. By hierdie drif het die witmense weereens tevergeefs op kaptein Coupame gewag om gidse te verskaf. Maar uiteindelik besef De Kuiper dat al Coupame se beloftes leuens en „bedriegerye” was. Drie dae later sou

1. Op die teruglog het nog meer naturelle gesneuwel.

2. Punt, W., Louis Trichardt se Laaste Skof, p. 90-95.

3. Met behulp van die Parkeraad se amptenare het ek in September en Oktober 1957 die roete vanaf Moamba tot in die Nasionale Krugerwildtuin ondersoek en vasgestel.

4. Volgens naturelleoorlewing was hierdie gebied in die omgewing van die teenswoordige Duiwelskloof.

5. Dr. N. van Warmelo het die stroom identifiseer en dit word deur inwoners van die gebied bevestig.



Die laagwaterbrug oor die Komatirivier waar die V.O.C. ekspedisie nie deur kon kom nie.

die Europeane maar al te seker van die verraderlike rol van Coupame wees. Dieselfde dag nog bereik die manskappe nadat hulle „dien dag een seer goed pad gehad om te marcheer en“ die Monganje — nou die Krokodilrivier — op 'n punt vlak teenoor die Krokodilbrugkamp in die Krugerwildtuin.¹

Die volgendeoggend vroeg marsjeer De Kuiper 'n 2 myl ver stroom af en gaan daar deur die Krokodil, waarskynlik omdat die walle hier nie so steil is nie. Dus 10 uur die ooggend van 10 Julie 1725 het die eerste blankes die huidige Krugerwildtuin, effens oos van die Krokodilrivier-ruskamp, betree.

Nadat die Europeane hier by Pande se stat weereens in 'n disput oor die pad en gidse betrokke was het hulle na 'n $\frac{1}{2}$ uur se ioop weer op die gebaande pad gekom. Weereens 'n bewys dat die afdeling in noordwestelike rigting na Ciremandelle gaan. Van Pande het die krygsvolk 5 uur tot by kaptein Dawano aan 'n riviertjie gestap. Oor hierdie trajek kan die spoed

1. Monganje is die ou Tonganaam vir die Krokodil.

op hoogstens $2\frac{1}{2}$ myl per uur gewees het, aangesien die pakosse erg kreupel was. Tien tot twaalf myl van die Krokodil bring ons op die plek wat tans Gomondwane heet, aan die enigste standhoudende rivier in die streek, die Orami.¹

In hierdie gebied het die Hollanders 10, 11 en 12 Julie 1725 kampeer en met die inboorlinge die handelspad na die noorde bespreek.

Volgens die Naturelle was De Kuiper „hier 'n dagreis voor een neger” van die Sabirivier. 'n Inboorling stap tussen 25 en 30 myl per dag, wat ten gunste van Gomondwane spreek, want die Sabidrif by Skukuza is 30 myl van Gomondwane.

Die afstand afgelê nadat De Kuiper en diesyne op 12 Julie 1725 deur Dawano se volk aangeval is bevestig ook ruimskoots die Gomondwane aanswysing. In sy dagboek sê De Kuiper dat hulle na die geveg van 4 uur namiddag „wel seven ureen” al vegtende na die Lebomboberge teruggetrek het.² Al die beesie en kampuitrusting het in die geveg agtergebleef, sodat die afdeling vinniger kon terugtrek. Die spoed is egter vertraag deurdat De Kuiper al vegtende moes teruggaan. In die sewe uur sal hy dus ongeveer 14 myl afgelê het wat hom tot in die Lebombo gebring het.

De Kuiper teken aan dat nadat hulle oor die Lebombo is en die volgende dag weer die Komati bereik het hulle meer as 20 Hollandse myle afgelê het. Die afdeling het na my mening teenoor die huidige Incomatistasie oor die rivier gegaan. Hierdie punt is in 'n regte lyn 23 myl van Gomondwane.

Voorgaande ontleiding en toepassing van die geografiese gegewens in De Kuiper se dagverhaal, wys die Gomondwanogebied aan as die besonder historiese plek tot waar die V.O.C.-verkenning in 1725 gevorder het.

Hierdie vroeë verkenning van ons laeveld is nie deur verdere togte opgevolg nie. Tog bly De Kuiper se dagboek van ons mees waardevolle Africana. Eienaardig genoeg het die tweede groot verkenning van die laeveld deur Louis Trichardt ook 'n uiters waardevolle dagboek opgelewer. Beide bronne bevat gegewens met betrekking tot die toestande in Oos-Transvaal 'n 220 jaar en 120 jaar gelede.

Dis egter aan die V.O.C. se opdragte te danke dat ons uit De Kuiper se reisverhaal die oudste gegewens oor die geskiedenis, aardrykskunde, Natuurwetenskappe en diere van Transvaal besit. Hierdie inligting bestaan uit:

1. Naamlyste van riviere in Oos-Transvaal.

1. Word ook geskryf Gomandwane, Gemondwano, Gomondwana, Gommondwana. Op 5 Oktober 1957 het ons met 'n mynverklikker die gebied vir metaaloorblyfsels ondersoek; moontlik gemaak deur die welwillende samewerking van die Parkeraad, Verdedigingsdepartement en Otis-Hysermaatskappy.

2. In die sin „minstens 7 ure” d.w.s. van 4 tot 11 nm.

2. Name van Naturellekapteins in Transvaal en Suid-Rhodesië.
3. Topografiese en geografiese gegewens van die gebied tussen Delagoabaai en die suidelike Wildtuin.
4. Verwysing na die handel in goud, koper en yster in die gebied tussen die Zambezi en Komati.
5. Waardevolle taalkundige besonderhede.

Die eerste Europeane wat in 1725 in die Krugerwildtuin was, was militêre wat met die binneland handelsbetrekkinge tot stand moes bring. Honderd-en-elf jaar het verloop eerdat die witman weer die gebied bereik het, maar toe was dit burgers wat aan die kus wou gaan handel drywe.

SUMMARY

The Kruger National Park is situated in the natural area known as the Lowveld.

This area has an average altitude of from 500 to 2,000 feet. With the exception of the Lebombo Mountains or Rooirand on the eastern boundary of the Park, there are no mountains in this area save only the characteristic lone koppies seen in this flat bush country. The Drakensberg form the western boundary of the Lowveld and at the location at Sekororo it attains an altitude of 6,000 feet.

The Lowveld is bush country where high temperatures predominate during the summer and even the winter months are warm. Frost very rarely occurs.

The area has a good summer rainfall except the northern section of the Park which is often drought-stricken when only the big rivers of the Lowveld contain water. The Limpopo, Letaba, Olifants, Sabi and Crocodile are the chief rivers of the Park but none of these is navigable and Native canoes only can be used on the rivers for short distances.

At present there are no Native tribes living in the Park as all the inhabitants were moved to territory outside the Park after 1925. During past centuries the entire Transvaal Lowveld was inhabited by Natives, proof of which may be found in descriptions of travels undertaken in 1725 and 1838. These Natives smelted copper and iron, prospected for gold and bartered hunting trophies. The national economy was such that no great commercial activities existed between the coastal areas and the tribes. Gold-trading only between Monomatapa and Sofala was profitable and merchants paid scant attention to the coast south of Sofala. In addition tribal fights and wars slowed down the economic development of the Lowveld.

A further hindrance to the economic development of the area was disease among people and cattle caused by the anophelis mosquito and the tsetse-fly. Between 1725 and 1836 the tsetse-fly made its appearance in the area known as the Kruger National Park. During that time the territory was practically closed to animal-drawn transport. With the destruction in 1896 of nearly all the cattle and wild-life by the runderpest, the deadly tsetse-fly disappeared.

It is clear why the Transvaal Lowveld was inaccessible to Europeans and even Asiatic and native traders for centuries. There was no vanguard of traders and consequently no communication lines were opened. The earlier Egyptian, Chinese, Persian and Arabian traders seldom came farther south than Sofala.

The Bawenda tribe has handed down stories of traders who traversed the routes between Zimbabwe and Zoutpansberg in early years. When the Voortrekkers arrived in north-eastern Transvaal in 1836 the road to Sofala via Punda Maria was known and in use. From Northern Transvaal there were other roads leading to the tin mines and these had been in use long before the advent of the first white man. It appears that one chief Native trading route in the 18th century ran through Komatipoort to the vicinity of the present Zoekmakaar.

The area remained largely uncharted, however, until 1497 when the first Portuguese sailing vessels made an appearance on the East Coast of Africa. Thus the gradual infiltration of the European had commenced but centuries passed before the establishment of trading posts between Sofala and Cape Town. Portuguese ships touched at the ports but Native bearers carried the gold and ivory to the coast and no trips were undertaken to the interior.

After 1652 the Verenigde Oos-Indiese Kompanje began to organise expeditions into the interior with a view to obtaining a share in the gold trade of Monomotapa.

In 1721 Delagoa was taken by the Dutch for a trading base and in 1722 Fort Lagoa was established essentially for trading purposes. The hinterland was allegedly rich in gold and the first probe was made by Europeans to the territory of the present Kruger National Park. Jan van de Capelle who was in charge in Delagoa Bay made arrangements and despatched nineteen men under Jan Christoffel Steffler and Jan Mulder on 9th August 1723 on a journey to "De Blaauwe Bergen". This expedition was not a great success and the explorers, having suffered casualties in an attack by Natives, were forced to return to Lagoa after having reached a point 40 miles west of Lourenco Marques.

Eighteen months later Jan van de Capelle organised a second journey

to the goldfields of Northern Transvaal and Southern Rhodesia. A diary was kept during this important journey and a clear picture was left for posterity of the road travelled. The expedition was led by one De Kuiper and on 5th July, 1725 the first Europeans gazed upon a portion of the territory of the present Game Reserve between Crocodile and Sabi rivers. On 10th July 1725 the Crocodile River was crossed.

De Kuiper's expedition came in contact with hostile natives and were tempted to attack but had been cautioned to keep the peace. It is interesting to note that the first instruction to be carried out by a European in authority in the Kruger National Park was issued from Cape Town 200 years before the House of Assembly, successor to the Verenigde Oos-Indiese Kompanje, proclaimed the area a reserve for the preservation of wild life.

Geographical information on the Lowveld between Delagoa and the southern portion of the Reserve was diarised by De Kuiper. Names of rivers and full particulars of native chiefs were recorded. This was of great importance in the survey of the Park since De Kuiper's lists of names form the outline of the earliest safari sketch on the interior of the Transvaal. References were also made to the trade in gold, iron and copper and valuable linguistic information was preserved.

De Kuiper was attacked by Dawano's warriors and fell back fighting to the Lebombo Range. Only two of his men were wounded but the loss of cattle, stores and ammunition forced him to abandon further exploration and return to Delagoa.

Till the arrival of Louis Trichardt in 1838 no further organised exploration of the territory was undertaken. De Kuiper's was a military force and Louis Trichardt was the leader of an intrepid band of settlers whose incentive was trade.